

Saterdag 20 November

Skrifgedeelte: Jesaja 48:1-22

Fokusgedeelte: Jesaja 48:17, 18
(1983-vertaling)

Wie God se gebooie gehoorsaam en uit sy verlossing leef, kan voorspoed in hulle lewe verwag

Israel is in die ellende van ballingskap. Die rede waarom hulle in ballingskap was, is vooraf aan hulle bekendgemaak. Hulle het geweet dis die Here wat so besluit het en nie 'n afgod nie. Dis vanweë hulle weerbarstigheid en hardkoppigheid deur nie die Here se gebooie te gehoorsaam nie, dat hulle gelouter word in die smeltkroes van die ellende van ballingskap.

Maar die Here bring nou 'n nuwe boodskap van verlossing. Omdat Hy hulle geroep en uitverkies het, gaan Hy hulle uit die ballingskap verlos. Hy gaan vir Kores wat Hy liefhet (vs 14) stuur om Babel te vernietig.

Omdat die Heilige God sy volk onderrig en hulle die regte pad leer, wys die Here vir hulle dat hulle uit die verlede moet leer, sodat hulle nie weer hierdie pad van ellende sal loop nie. Want as jy nie aan die Here gehoorsaam is nie, gaan jy nooit die voorspoed en redding van die Here kan ervaar nie.

Soos die Here vir Kores gestuur het om die volk uit ballingskap te verlos, so het Hy sy geliefde Seun, Jesus Christus, gestuur om ons uit die ballingskap van sonde te verlos. Die Verlosser het gekom en die straf gedra sodat ons die Here se redding kon verkry wat so onomkeerbaar is soos 'n sterk rivier en so aanhoudend soos die golwe van die see (vs 18). Ons ly vandag as gevolg van korrupsie en ekonomiese agteruitgang en die uitwerking van 'n virus. Ons kan verstaan waarom die Here ons so beproef. As mense, ook kerkmense, maar net na die Here se gebooie luister en Hom alleen dien en van die afgode afsien (HK So. 34), kon dinge anders in ons land gewees het en kon ons dalk eerder die Here se voorspoed beleef. Kom ons leer ook soos Israel uit ons sondes van die verlede en leef uit die krag van die Heilige Gees, 'n nuwe lewe wat God eer vir sy genadige verlossing deur Christus.

Sing: Psalm 81-1:15, 18

Ds. MAF Kruger (Andries) (Alberton)